


**Pieter Hugo**  
Assistentdirekteur:  
Metropool Beheerarea



## Skattejag

**K**leintyd was dit my grootste ideaal om 'n kosbare skat te vind. Ek is natuurlik daartoe geïnspireer deur gevaarlike seerower-stories. Die soort wat boekevol in enige openbare biblioteek te vinde is. Wat as gesonde leesstof vir onskuldige seuntjies aangehou word.

Ek het egter nie op 'n tropiese eiland grootgeword het nie, maar in 'n verveligveilige voorstad. Nie juis die eerste plek wat 'n seerowerkaptein sal kies om sy pensioenfondse in te gaan wegsteek nie. Dit het my nie afgeskrik nie. As daar dan geen versteekte skatte is nie, het ek heel logies geredeneer; moet ek maar self skatte wegsteek. Die verdere, minder logiese, redenasie was dat ek mos vroeër of later daarvan sal vergeet en dan, eendag, heel toevallig, dit sal herontdek. Om in 'n huis van sewe kinders 'n veilige wegsteekplek te kry, was nie so maklik nie. My uiteindelige oplossing was net so eenvoudig as wat dit gevaarlik was. Ek het die dop van 'n ligskakelaar afgeskroef, 'n vyfsentstuk in die holte van die skakelmeganisme weggesteek en dit weer toegeskroef. Moenie lag nie. Vyf sent was 'n fortuin. My maandelikse sakgeld was twintig sent.

Natuurlik het ek op die laaste Vrydagmiddag van die maand my skat weer gaan herwin. Dit het vyf sent gekos om die Vrydagaandfiek in ons skoolsaal te gaan kyk. Daardie aand sou dit juis 'n seerowerfiek wees en die res van my twintig sent het ek al vorige Vrydagaande in 'n reeks Johnny-Weismuller-Tarzanfiekse belê. Daarna het ek dieselfde eksperiment 'n paar keer probeer; maar kontantvloei-probleme het telkens my poging tot geheueverlies oorwin. My ouers sou nie eens 'n eis teen die biblioteek kon instel as ek my doodgeskok het nie, want hulle het nooit geweet van die gevaarlike skattejag waarin hulle jongste seun betrokke was nie.

Al het ek intussen baie ander lewensideale ontwikkel, het ek steeds die ideaal om self 'n skat weg te steek vir iemand om iewers in die toekoms te ontdek. Rykdom het ek nie, maar; deels te danke aan kleintyd se biblioteekboeke, het ek geen tekort aan woorde nie. My plan is dus om 'n brief te skryf en dan hierdie 'skat', dié brief, só goed weg te steek, dat dit ten minste eers oor 'n honderd jaar gekry moet word.

Die kans is egter groot dat hierdie brief oor 'n honderd jaar al só deur die suur in die papier opgevrete wees dat daar heel waarskynlik net 'n paar brokkies van sal oorbly. Ek sal dus sorg dat dit op handgemaakte, suurvrye papier geskryf word. Meer waarskynlik nog, sal die warm, vogtige klimaat van die eiland Kaapstad sorg dat die papier heeltemal vermolt. Met langtermynvooruitbeplanning sal ek egter verseker dat die brief in plastiek verseël word wat nie biodegradeerbaar is nie.

Eiland Kaapstad? Ja, na jarelange geleidelike styging in die seevlak sal die enorme tsunami wat in September 2074 los bo-oor die Kaapse Vlakte gaan spoel, die stad permanent afsny van die res van Afrika. Daarom sal ek die skat hoog genoeg bo seevlak wegsteek, maar ook nie té hoog teen die voethange van Tafelberg nie.

Hoekom nie te hoog nie? Want die hoogste buurte teen die Berg sal vanaf 2046 geleidelik al meer verlate en verval raak. Eerstens,

weens die bergbrande wat jaarliks feitlik die hele somer lank buite beheer gaan woed. Dit sal die lewe baie onaangenaam maak vir dié wie se huise nie in elk geval deur die brande verwoes gaan word nie. Tweedens, weens klimaatsverandering sal Kaapstad gereelde geweldige wolkbreukdonderstorms beleef. Dit sal sulke enorme modderstortings en grondverskuiwings veroorsaak dat die steilstraatbuurte plek-plek heeltemal platgevee gaan word en in die geheel effektief onbewoonbaar gaan word. My skat sal beslis nie vir 'n honderd jaar oorleef in daardie toestand nie. Behalwe vir die katastrofes van brande en grondverskuiwings, sal die desperate *survivor*-inwoners wat in die bouvalle ingetrek het, vernietigend teer op alles wat nog staan of leef teen die Berg. Teen daardie tyd het die steil strate se rykes natuurlik al lankal afgetrek na die ou Distrik Ses en Woodstock wat dié ryk strandbuurte van die stad sal word. Hulle sal natuurlik ondeurdringbare sekuriteitstelsels en 24-uur-skiet-op-sig-wagpatrollies hê vir beskerming teen skelms op land en ter see. Ja, die Foreshore se verlate toringgeboue wat met hulle onderste verdiepings verdrink in die see staan, sal die tuiste word van talle seerowerbendes. Jy sal verstaan dat ek my skat dus eerder op die stad se veilige middelgrond gaan wegsteek. Daar waar die Argief tans in Roelandstraat staan.

Maar; met al hierdie fyn beplanning om die skat se langtermynoorlewing te verseker; is ek steeds oortuig dat dit onleesbaar sal wees as dit uiteindelik oor 'n eeu ontdek word. Om die dubbele rede dat niemand meer sal kan lees en skryf nie en dat daar niemand meer gaan wees wat Afrikaans verstaan nie. As praattaal sal dit baie vinnig begin kwyn en verdwyn nadat die 2074 tsunami feitlik die hele bevolking van die Kaapse Vlakte en die noordelike voorstede in die waters van Valsbaai gaan laat verdrink. Lank voor daardie tyd sal alle koerante en boeke reeds verdwyn het. Niemand sal meer koerante koop nie, omdat almal van oomblik tot oomblik sal kan bybly met die jongste nuus deur middel van hulle rekenaar/selfoon/internet/radio/TV-apparaatjies wat soos 'n horlosie op die pols gedra sal word. Die apparaatjies se skermpies sal so klein wees dat alle inligting slegs in audiovisuele formaat oorgedra sal word. Stempopdragte sal ook alle knoppiedrukke vervang. Die gevolg sal wees dat lees en skryf baie gou sal uitsterf.

Met 2074 se tsunami sal Koeberg natuurlik finaal oorstrom en gaan staan, sodat Kaapstad daarna 'n elektrisiteitlose eilandstad sal wees. Met Tafelberg dan lankal reeds tot woestyn verbrand, sal die oorblywende boeke die mees gesogte huishoudelike brandstof raak, met die leë biblioteekrakke kort op hulle hakke. Teen die eeuwisseling (2099 na 2100), sal boeke nog net in die geheue van 'n paar ou mense bestaan.

My ideaal is dat hierdie brief daarna eers ontdek moet word. Deur iemand wie se nuuskierigheid gekielie sal word deur die snaakse simbooltjies op die vreemde plat velle. Nuuskierig genoeg dat hy sal soek tot hy iewers hoor van 'n stokou oom wat blykbaar nog so vaagweg iets kan onthou van papier en die gedrukte woord en die vreemde verskynsel van lees.

Die oom sal die brief lank vashou, soms omdraai, weer terugdraai, onverklaarbare prewelbewegings met sy lippe maak, uiteindelik die brief neersit en sê: 'No, I can't read it. It might be Afrikaans. You know, it's a pity all those Afrikaners have gone. They were not so bad after all. Why don't you send this thing to Australia? I've heard, way back in my younger days, that they had finally succeeded in creating their bloody Boerestaat somewhere in the Outback.'

En wat is die les wat jy hieruit moet leer? Twee lesse. Eerstens, lees soveel as moontlik solank daar nog biblioteke en boeke is! Tweedens, bly weg van seerowerstories. Dit lei tot gevaarlike verbeeldingsvlugte, lewenslank.